Posbus 7113, Newtonpark, 6055
Telefoon (041) 3651233
h/v Willetstraat en 4de Laan, Newtonpark, 6045
E-pos: admin@lnpark.co.za /

'n Blink toekoms begin hier!

NUUSBRIEF 9

15 Maart 2024

UIT DIE KANTOOR

Geagte Ouers

SPORT
Ons bevestig hiermee dat alle sportoefeninge en sportwedstryde môre, 16 Maart 2024 tot 'n einde kom. Baie dankie vir al die leerlinge se getroue deelname.

ENKEL-EN KLASFOTO'S
Op Maandag, 18 Maart 2024 word enkel- en klasfoto's geneem. U is reeds op die klasgroepe in kennis gestel.

MAARTVAKANSIE
Die skool sluit amptelik vir die Maartvakansie op Woensdag, 20 Maart 2024 om 10:00. Leerlinge sal dan hul rapporte ontvang. **Skole heropen weer Woensdag, 3 April 2024**.

TOELATING 2025: GRADE R – 7 (BESTAANDE OUERS)
Die personeelvoorsiening van die Laerskool Newtonpark is afhanklik van ons jaarlikse inskrywings. Die skool moet ook jaarliks hierdie statistiek aan die Departement van Onderwys bekend maak.

Ons versoek ons bestaande ouers om ons so spoedig moontlik in kennis te stel indien u 'n kind vir graad R en 1 in 2025 wil inskryf. Ons wil graag ons huidige ouers voorkeur gee om u ander kind ook by ons in te skryf.

Ons sal dit waardeer indien u ons skool by u familie, vriende en ander bekendes aanbeveel.

TENNISBAANSLEUTELS
Indien ouers met hul kinders na ure en op Saterdae wil oefen kan hulle 'n tennisbaansleutel teen R250 vir die jaar by die skool aankoop. **Indien jy reeds 'n sleutel het, kan jy vir 'n bedrag van R200 jou ou sleutel vir 'n nuwe een by die skool kom omruil.** Daar is sekere reëls wat nagekom moet word indien u 'n sleutel koop. Ons het die slotte op Maandag, 4 Maart 2024, vervang.

VAKANSIENASORG: MAART/APRIL 2024

Ons bevestig dat die vakansie-nasorg wel in die Maart-vakansie voortgaan.
Die voorgestelde tydperk is:

1. **Vrydag, 22 Maart 2024 tot Donderdag 28 Maart 2024 (5 dae). (Skole sluit Woensdag, 20 Maart 2024 en heropen Woensdag, 3 April 2024)**
2. U moet asseblief ook onderneem om die nasorgtye nl. 07:15 tot 17:30, stiptelik te eerbiedig.

Die tarief beloop R450, per kind, en R850 vir 2 kinders vir die vyf (5) dae. Die bedrag is vir die volle tydperk, vooruitbetaalbaar.

LAERSKOOL NEWTONPARK FACEBOOKBLAD

Besoek gerus ons skool se amptelike facebookblad, @LaerskoolNewtonpark.co.za, die blad se profielfoto is die skoolwapen. Dis lekker om na foto's te kyk en met ons leerlinge te spog. Bly ook op hoogte met die nuutste gebeure.

SKOOLGELDE 2024

Die volgende wyses van betaling is beskikbaar: **maandelikse debietorder** oor 10 of 11 maande. (Januarie/Februarie – November en is opbetaalbaar voor/op 30 November 2024. 'n Debietorder kan slegs op 'n tjek-/spaar-/transmissierekening ingestel word.) U mag ook die **skoolgelde EFT**. Ons beskik ook oor **'n kaartmasjien** by die skool wat u kan gebruik.

Op die verwysing van die inbetaling moet u asseblief die rekeningnommer en u kind se van en naam verskaf, en u bewys van betaling aan fin@lnpark.co.za e-pos.

Alle graad R-gelde is maandeliks vooruitbetaalbaar en nasorggelde is kwartaalliks streng vooruitbetaalbaar. Geen verligting word ten opsigte van hierdie dienste toegestaan nie, aangesien hierdie aktiwiteite deel van die skool se vrywillige program is.

Die betaling van skoolgelde is 'n wetlike verpligting (Staatskoerant no. 29311). Indien u in gebreke bly om u skoolgelde te betaal, sal dit wetlik afgedwing word.

KRY KORTING OP SKOOLGELDE

Indien skoolgelde (Graad R – 7) ten volle betaal word voor/op 31 Mei 2024 sal 'n 5% korting toegestaan word.

ELEKTRONIESE BETALINGS

Op die verwysing van die inbetaling moet u asseblief die rekeningnommer en u kind se van en naam verskaf. U moet ook die bewys van betaling per e-pos aan fin@lnpark.co.za stuur.

REKENINGNAAM	**LAERSKOOL NEWTONPARK**
BANK	**ABSA**
REKENINGNOMMER	**1400490089**
TAKKODE	**632005**

GEDAGTE VIR DIE WEEK

Geniet die naweek saam met jul kinders.

SKOOLHOOF
E-pos: skoolhoof@lnpark.co.za
Tel : 0846935318

ALGEMEEN

BELANGRIKE DATUMS VIR VOLGENDE WEEK:
Die volgende datums moet u asseblief op u kalender aanteken:

Ma – 18 Maart	:	Klerewinkel: **07:30 tot 12:00** Eietydse Geskiedenis **Foto's : enkel-, klas- en personeelfoto's**
Di – 19 Maart	:	Senior koor: **07:25 tot 08:00** **Breek die reëls-dag** **Foto's : enkel-, klas- en personeelfoto's**
Wo – 20 Maart	:	**Saalbyeenkoms** Junior koor: **07:30 tot 08:00** **Deel rapporte uit graad R tot 7** *Flinkspel-resultate in rapporte **SKOOL SLUIT OM 10:00**

SPORT EN KULTUUR

RUGBY : DESPATCH-FEES

Ons 0/13-rugbyspan het op Vrydag, 8 Maart teen Laerskool Sonop kragte gemeet en hulle uitstekend van hul taak gekwyt deur 12 – 0 te wen. Knap gedaan, manne!

FRAMESBY LAERSKOLE SPORTDAG – RUGBY

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
14 Maart	0/13A	Tjaart van der Walt	LNP wen 15 – 0
14 Maart	0/13A	Albertyn	LNP verloor 0 – 5

FRAMESBY LAERSKOLE SPORTDAG – NETBAL

DATUM	SPAN	TEEN	UITSLAE
14 Maart	0/12A	Handhaaf	LNP speel gelykop 10 – 10
14 Maart	0/12A	Lorraine	LNP wen 16 – 6
14 Maart	0/13A	Summerwood	LNP verloor 5 – 15
14 Maart	0/13A	Sunridgepark	LNP verloor 10 – 17
14 Maart	0/13A	Mount Pleasant	LNP wen 11 – 5

SKAAK

Amoré Verster in graad 1T het op 17 Februarie aan die “Valentine and Summer”-skaaktoernooi by Laerskool Mount Pleasant deelgeneem en ‘n goue medalje verwerf. Baie geluk, Amoré!

OP-AKSIEKRIEKETTOERNOOI : 24 TOT 30 MAART

Benn de Wit en Janu Nel in graad 6H het Saterdag, 9 Maart, OP-aksiekrieket se “pettoekenningseremonie” te Slipperfields bygewoon. Benn is tot die 0/12B-span en Janu is tot die 0/12C-span verkies wat vanaf 24 tot 30 Maart aan ‘n provinsiale aksiekriekettoernooi in Mpumalanga gaan deelneem. Baie geluk en sterkte vir die toernooi, julle!

KARATE

Lacey van Rensburg in graad 5S, het Saterdag, 9 Maart aan die Uitenhage karateklub-toernooi deelgeneem en silwer vir haar kata en brons vir haar kumite behaal. Baie geluk, Lacey!

Annique du Toit in graad 5S het Saterdag, 9 Maart aan Uitenhage Karate Klub se kompetisie deelgeneem en goud vir Kata en silwer vir Kumite behaal. Baie geluk, Annique!

Talinaya van Rensburg in graad 3S, het Saterdag, 9 Maart aan die Uitenhage karateklub toernooi deelgeneem. Sy was die enigste witgordel (beginner), in haar afdeling en het tweede plek vir haar Kumite behaal. Baie geluk, Talinaya!

Tiffany du Toit in graad 2D het gedurende die week twee graderings gedoen. Sy het nou ‘n geel gordel in karate en ‘n “yellow stripe” in kubodo (wapens). Baie geluk, Tiffany!

MNR. EN MEJ. OOS-KAAP LAERSKOLE

Die onderstaande leerlinge het op Saterdag, 9 Maart Laerskool Newtonpark by die eerste rondte onderhoude van die Mnr. en Mej. Oos-Kaap Laerskolekompetisie verteenwoordig en na die finaal, wat op 13 Julie sal plaasvind, deurgedring. Hartlik geluk en baie sterkte vir die volgende rondte!

- Miané Barkhuizen – graad 7O
- Nina Loots – graad 5S
- Marli Stander – graad 6H
- Emma van Niekerk – graad 4M
- Lara van Niekerk – graad 7D
- Rico van Vuuren – graad 4M
- Corban Woest – graad 5S
- Kirsten Woest – graad 5SW

`